# Die beroepsbrief in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika – 'n kontraktuele werksaanbod?

J. Smit
Fakulteit Teologie: Kerkwetenskappe
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: johannes.smit@telkomsa.net

### Abstract

**The letter of calling in the Reformed Churches in South Africa – a contractual labour proposal?**

*In the Schreuder case the court found that the letter of calling should be considered a legally valid letter of service. Therefore the relationship between a congregation and a minister in the Dutch Reformed Church is regulated by a contract of employment. Consequently Labour Law applies to the position of this church's ministers. In the court's verdict on the Church of the Province case, the court found that a priest/minister of the Anglican Church does not enter into a legal binding contract of employment with the church. According to the court the relationship between the Anglican Church and a priest/minister cannot be described as a contractual relationship, but rather a spiritual or religious agreement that is regulated by the canons of the church. Therefore the question should be asked: Is the letter of calling to a minister in the RCSA a contractual labour proposal by a local church? In this article it is argued that a letter of calling in the RCSA should not be considered a letter of service. In the light of Scripture, the confession and the church order the aim of the letter of calling is merely to inform a minister of a religious calling by the Lord. It is therefore suggested that the draft form of the letter of calling currently in use, should be adapted to avoid misunderstandings regarding the position and service of a minister in the RCSA.*

**Opsomming**

**Die beroepsbrief in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika – 'n kontraktuele werksaanbod?**

*In die Schreuder-saak het die hof bevind dat die beroepsbrief 'n regsgeldige werksaanbod aan 'n predikant is. In die Nederduitse Gereformeerde Kerk word die verbintenis tussen die kerk en 'n predikant by wyse van 'n arbeidskontrak gereël. Die gevolg is dat die arbeidswetgewing op die diens van alle predikante in die NG Kerk van toepassing is. In die Church of the Province-saak het die hof bevind dat 'n priester/predikant se diens nie by wyse van 'n arbeidskontrak gereël kan word nie. Die hof het bevind dat die verbintenis tussen die Anglikaanse Kerk en 'n priester/predikant nie 'n kontraktuele verbintenis konstitueer nie, maar eerder 'n godsdienstige of geloofsverbintenis wat by wyse van die kerk se bepalings gereël word. Die vraag moet dus gevra word: Is die beroepsbrief aan 'n predikant in die GKSA 'n kontraktuele werksaanbod van 'n gemeente? In hierdie artikel word geargumenteer dat die beroepsbrief nie as 'n werksaanbod beoordeel kan word nie. In die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde is die doel van die beroepsbrief om 'n predikant op ordelike wyse in kennis te stel van 'n roeping deur die Here wat op hom uitgebring is. Daar word voorgestel dat die konsepvorm van die beroepsbrief tans in gebruik by die GKSA, aangepas word om moontlike misverstande oor die diens en posisie van predikante te voorkom.*

# 1. Inleiding

## 1.1 Aktualiteit

Die aktualiteit van die tema word in 'n juridiese sin beklemtoon deurdat die howe teenoorstaande uitsprake gelewer het oor die vraag of daar 'n kontraktueelbepaalde arbeidsverhouding bestaan tussen die predikant en die kerkraad. In die *Theron*-saak (1976) het regter Jansen van die standpunt uitgegaan dat die verbintenis tussen die predikant en die kerkraad as 'n arbeidskontrak beoordeel moet word:

> … aangesien dit duidelik is dat die appellant, as leeraar (sic), 'n dienskontrak aangegaan het, wat onderhewig aan die kerkorde gelees moet word, en dat wesentlik sy eis daarop neerkom dat die bepalings van daardie kontrak afgedwing moet word (Theron v Ring van Wellington, N.G. Sendingkerk in S.A. 1976 2 SA 1 (A) op 26).

In 1999 het regter Basson in die *Schreuder*-saak, op grond van dieselfde beredenering as regter Jansen in die *Theron*-saak, bevind dat ’n predikant ’n werknemer van ’n kerkraad is:

> Die broepsbrief is dus die dienskontrak tussen die predikant en die kerkraad (gemeente) (Schreuder v Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others 1999 20 ILJ 1936 par. 18).
>
> Dit is gevolglik duidelik dat die verhouding tussen ’n predikant en die betrokke gemeente of kerkverband ’n kontraktuele diensverhouding is (Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a. 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 25).

Hierdie uitspraak hou in dat die diens van ’n predikant gereël moet word met die volledige inagneming van bestaande arbeidswetgewing, vanweë die implikasies wat laasgenoemde op die diens van ’n predikant het (Olivier, 2002:531-542).

Dié beredenering is egter nie konsekwent deur Suid-Afrikaanse howe nagevolg nie. In 1985 het die hof bevind dat die diens van ’n predikant/priester met betrekking tot ’n gemeente nie op ’n arbeidskontrak berus nie (*GG Paxton v The Church of the Province of Southern Africa;* ongerapporteerde saak NH1 1/2/1985 (PE)). In 2001 het regter Wagley in die *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town)* bevind dat daar nie ’n arbeidsverhouding tussen ’n predikant en ’n kerkraad bestaan nie. Sy bevinding is in ooreenstemming met die uitspraak in *GG Paxton v The Church of the Province of Southern Africa*:

> … I am satisfied that there was in fact no intention … to enter into a legally enforceable employment contract.
>
> Since I have found that a contract of employment is necessary for purposes of establishing an employment relationship and that there was no legally enforceable contract of employment between the applicant and the third respondent, the parties are not an employer and employee as defined by the LRA and consequently the first respondent has no jurisdiction to entertain the alleged dispute referred to it by the third respondent (Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & Others 2001 11 BLLR 1213 op 1227).

Die howe het hulle beslissings hoofsaaklik op die getuienis van die onderskeie kerke, dit wil sê op die selfdefiniëring van die kerk, gebaseer. Met die *Schreuder*-saak het die Nederduitse Gereformeerde Kerk (voortaan NGK) byvoorbeeld sy kerkorde sodanig gewysig dat predikante voortaan as werknemers van die “gemeente

of kerkverband (ring, sinode of Algemene Sinode)" optree (NGKO, 1999: Art. 12). Hierdie veranderinge is aangebring voordat regter Basson uitspraak gelewer het. Die verandering van die NGK se kerkorde het ongetwyfeld bygedra tot die hof se bevinding dat die predikant (ds. Schreuder) 'n werknemer van die kerkraad is (*Schreuder v Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others* 1999 20 ILJ 1936 op 1941).

In die *Church of the Province*-saak het die hof beslis dat die Anglikaanse Kerk nie 'n kontraktuele verhouding met 'n priester het nie, aangesien 'n geloofsverbintenis nie noodwendig 'n kontraktuele verhouding tussen 'n kerk en 'n priester konstitueer nie (*Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & Others* 2001 11 BLLR 1213 op 1227). In genoemde hofuitsprake was die intensie van die onderskeie partye (die kerk en die predikant) 'n deurslaggewende aspek van die kerk se selfdefiniëring om te bepaal of 'n kontraktuele verhouding tussen die partye tot stand gekom het.

## 1.2 Probleemstelling

In die Schreuder-saak het die NGK nie van die geleentheid gebruik gemaak om spesialiteitsgetuies te roep nie. Die hof se beslissing rus derhalwe op 'n eensydige beeld van sogenaamde spesialiteitsgetuienis vir die klaer (Schreuder) oor die aard van die predikantsdiens in dié kerkgemeenskap (*Schreuder v Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others* 1999 20 ILJ 1936). In die Gereformeerde Kerkreg word dié getuienis nie as 'n korrekte weergawe van die predikant se eksegeties-dogmaties bepaalde diens aanvaar nie. Daarenteen het die Anglikaanse Kerk in die *Church of the Province of Southern Africa*-saak die geleentheid gebruik om die eksegeties-dogmatiese gronde van 'n predikant/priester se diens as getuienis voor die hof te laat dien (vgl. *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & Others* 2001 11 BLLR 1213).

Dié getuienis, asook getuienis wat aantoon dat daar 'n gevestigde regstradisie in die *Common Wealth* is waarvolgens predikante/priesters van die Anglikaanse Kerk nie as werknemers op kontraktuele basis beoordeel word nie, was deurslaggewend vir die beslissing van die hof (vgl. *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & Others* 2001 11 BLLR 1213). Binne die konteks van die Gereformeerde Kerkreg word die kernvraag in hierdie ondersoek soos volg geformuleer: Is die beroepsbrief van 'n plaaslike Gereformeerde Kerk aan 'n beroepe

predikant 'n kontraktuele werksaanbod wat die predikantsdiens onderhewig aan die staat se arbeidswetgewing stel?

Die kernvraag ontplooi aan die hand van die volgende subvrae:

- Wat is die bevindings van howe en die standpunte van navorsers in Suid-Afrika oor die aard en plek van die beroepsbrief in die gereformeerde kerkregering?
- Word die Gereformeerde predikant se diens in 'n gemeente gereël deur 'n beroepsbrief by wyse van 'n kontraktuele verbintenis, of word dit deur die kerkregering gereël, by wyse van die interne reg van die kerk (kerkorde)?
- Kom die huidige formulering van die beroepsbrief in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ooreen met die prinsipiële raamwerk waarbinne die kerkorde die predikant se diens reël?

## 1.3 Uitgangspunt

Die uitgangspunt van hierdie artikel is die Skrif en die belydenis én die beginsels daaruit geformuleer vir die kerkregering soos verwoord in die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Vir die doeleindes van hierdie artikel is 'n beoordeling van die arbeidsreg nie noodsaaklik nie (vgl. byvoorbeeld die *Basic Conditions of Employment Act* 75 of 1997; *Employment Equity Act* 55 of 1998; *Labour Relations Act* 66 of 1995). Die Grondwet (artt. 9, 33) verskans die reg van godsdiensvryheid vir individue en vir kerke (Gildenhuys, 2001:172 e.v.; 257 e.v.). 'n Wesenlike aspek van die reg van godsdiensvryheid is dat die kerk die reg het om homself en sy ampte te definieer (Gildenhuys, 2001:241, 242). Verskillende kerkgemeenskappe se uitgangspunte verskil en daarom kan 'n kerkgemeenskap se beskouing nie as geldend vir 'n ander beskou word nie (vgl. *Uniting Reformed Church in SA* [2005] 1 BALR 127 op 134 (CCMA)). Die kerk se reg tot selfdefiniëring sluit in dat die howe van 'n godsdiensneutrale of onpartydige staat nie die kompetensie het om sekulêre wetgewing, soos die arbeidsreg, as maatstaf vir die beoordeling van eksegeties-dogmaties bepaalde kerklike dienste te gebruik nie (Smit, 2006:638-643).

Die grondwetlik verskanste reg van godsdiensvryheid bied verder die geleentheid én die verantwoordelikheid aan kerke om in die lig van sy selfdefiniëring teologies-kerkregtelik aan te toon waarom sekulêre wetgewing van die staat nie van toepassing op spesifieke kerklike aangeleenthede geag behoort te word nie (vgl. Smit, 2006:640). Die howe egter het die kompetensie om die kerk se

getuienis te toets en behou in alle gevalle die bevoegdheid om finale uitslag oor die toelaatbaarheid én die aanvaarbaarheid van die kerk se selfdefiniëring, soos in die geval van die predikant se diens, te gee (Smit, 2006:639-640).

## 2. Bevindings en standpunte oor die beroepsbrief in die gereformeerde kerkregering

### 2.1 Die beroepsbrief as 'n dienskontrak

Volgens Coertzen (1999:6) is 'n beroepsbrief 'n dienskontrak soos die dienskontrakte van byvoorbeeld 'n skriba, kassier, orrelis, sekretaresse, bode, skoonmaker en tuinier. "Ek is oortuig daarvan dat talle van hulle hulle werk, net soos die dominee, as 'n roeping en diens aan die Here en sy gemeente sien" (Coertzen, 1999:6). Vir hierdie siening dien 1 Timoteus 5:17-18 as 'n voorbeeld dat goeie diens- of arbeidsverhoudings nie vreemd aan die kerk is nie (Coertzen, 1999:6). Die beskouing dat die beroepsbrief 'n dienskontrak tussen die kerkraad en die predikant is, word op verskillende wyses gemotiveer. Voorbeelde van so 'n motivering word verder hier uitgelig.

#### 2.1.1 Verbondsbeskouing

Volgens Klopper (2001:3, 9) moet 'n predikant beskou word as 'n juridies bepaalde werknemer van 'n kerkraad. Dié standpunt rus hoofsaaklik op 'n bepaalde verbondsbeskouing (Klopper, 2001:7). Volgens Klopper moet die verbond as 'n kontraktuele verhouding tussen God en die mens beoordeel word. Dié verhouding kom tydens die belydenisaflegging van lidmate tot stand. Die voorwaardes van die kontrak tussen God en 'n lidmaat word soos volg omskryf:

> ... daarvolgens [die verbond] aanvaar God die individu as sy kind, skenk Hy aan hom vergifnis van sonde en belowe aan hom die ewige lewe. Op sy beurt moet die individu hom/haar bekeer en 'n lewe van dankbare diens aan God lei (Klopper, 2001:7).

Die voorwaarde om as predikant in 'n verbondsgemeenskap te dien, is dat 'n predikant deel van 'n verbondsgemeenskap moet wees. In dié gemeenskap ontvang 'n predikant die roeping om as predikant te dien. Volgens Klopper (2001:8 e.v.) moet 'n predikant se roeping beskryf word as 'n geestelike kontrak met God.

> Die terme van hierdie ooreenkoms lui min of meer soos volg: Die persoon ontvang van God die versekering dat hy/sy vir die

> evangeliebediening geroep word en dat God dit vir hom/haar moontlik sal maak om hierdie doelwit te bereik. Op sy/haar beurt moet die persoon onderneem om wel die nodige opleiding te ondergaan en daarna die werk van 'n evangeliebedienaar in diens van God en sy medemens te verrig. (Klopper, 2001:8.)

### 2.1.2 Kerkbeskouing

Die uitspraak van die hof dat die diens van 'n predikant geïnterpreteer moet word as dié van 'n werknemer van 'n kerk, berus enersyds op 'n gevestigde regstradisie in Suid-Afrika dat die kerk as 'n vrywillige vereniging beoordeel word en andersyds op die getuienis dat 'n kerk 'n vrywillige vereniging is.[1] Volgens dié spesialiteitsgetuienis mag mense dink dat hulle met heilige dinge besig is, maar dit … "verander nie aan die feit nie dat hulle 'n sosiale sisteem vorm wat volgens sy eie reëls funksioneer soos enige ander sosiale sisteem …" (Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit *e.a.* 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 23). Hierdie interpretasie beteken dat 'n kerk as 'n vrywillige organisasie bloot 'n menslike organisasie is (*Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a.* 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 22). Volgens dié siening moet 'n kerk soos enige ander organisasie beoordeel word, ongeag die feit dat die kerk 'n "missionêre doel" het (*Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a.* 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 22).

Pienaar (1986:8 e.v.) het aangetoon dat hierdie beskouing, naamlik dat die kerk noodwendig as 'n vrywillige vereniging deur howe beoordeel word, nie korrek is nie. In *Venter e.a. v Den Kerkeraad der Gereformeerde Kerk te Bethulie 1879 OVS* 4 op p. 6 het die hof bevind dat 'n kerk 'n korporasie of gemeenregtelike regspersoon is.[2] Juriste wys onder meer daarop dat plaaslike Gereformeerde Kerke

---

1 Vergelyk die volgende hofuitsprake as stawing: Theron v Ring van Wellington, N.G. Sendingkerk in S.A. 1976 2 SA 1 (A) op 25; Van Vuuren v Kerkraad Môrelig Gemeente, NG Kerk 1979 4 SA 548 (0) op 557; Long v Bishop of Cape Town 1963 4 Searle 162 op 176; Du Plessis v the Synod of the DR Church 1930 CPD 403 op 414, 417; Odendaal v Van Loggerenberg en andere 1961 1 SA 712 (0) op 717; De Vos v die Ringskommissie van die Ring van die NGK, Bloemfontein 1952 2 SA 83 (0) op 93.

2 Vergelyk Pienaar (1986:8-9); Louvis e.a. v Oikonomos e.a. 1917. TPA 465 op 476; Peach and Co v the Jewish Congregation of Johannesburg 1894 1 OFF Rep 345; Prinsloo and others v Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Church 1889-1890 3 Barber 220 op 223; vgl. ook Raath en De Freitas (2002:278 e.v.)

eerder beskryf moet word as gemeenregtelike regspersone – 'n regsposisie wat dus nie op 'n kontrak berus nie, maar op interne reg (Pienaar, 1986:17). Volgens Pienaar ontstaan praktiese onhoudbaarhede, wat nie met kerkregtelike beginsels versoen kan word, indien die toe- en uittrede van kerklidmate aan die hand van kontraktuele beginsels beskryf word nie (Pienaar, 1986:18; vgl. Gildenhuys, 2001:226 e.v.; Fourie, 1973:132; Van der Linde, 1965:19; Spoelstra, 1977:50). Verder word die eksegeties-dogmaties bepaalde begronding van die oorsprong, wese en doel van 'n kerk én interne kerklike verhoudings, soos 'n predikant se diens, nie deur dié verkontraktualiseerde beskouing van kerk in ag geneem nie (vgl. Coertzen, 2001:122; O'Brien Geldenhuys, 1945:349; Fourie, 1973: 132; Van der Linde, 1965:19; Spoelstra, 1977:50).

### 2.1.3 Besoldiging

Die uitspraak van die hof in die *Schreuder*-saak trek in drie kernbevindings saam:

- 'n Predikant ontvang 'n salaris van 'n kerkraad.
- 'n Predikant help om die "besigheid" of kerntake van die kerk voort te sit of te bedryf.
- 'n Predikant verrig sy diens onder die gesag van 'n kerkraad.

> Verder voldoen 'n predikant aan die omskrywing van … hierdie definisie deurdat 'n predikant geregtig is om besoldiging te ontvang (en dit inderdaad ontvang) van die kerklike organisasie in wie se diens die predikant staan (Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a. 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 26).
>
> Die woord 'traktement' word gebruik om besoldiging te beteken en daar word met ander aangeleenthede soos verlof, diensbonus reistoelae … gehandel. Daar is gevolglik volgens dr. Scholtz 'n plig op die predikant om sy ampspligte soos uiteengesit te vervul. Die predikant kry aan die ander kant hiervoor weer 'n salaris en verlof- en pensioenvoordele asook lidmaatskap van 'n mediese fonds en assuransiedekking (Schreuder vs Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others 1999 20 ILJ 1936 op 1940-1941, 1942; vgl. Fourie, 1973:182, 184).
>
> 'n Predikant voldoen klaarblyklik ook aan die omskrywing … van die definisie van 'n werknemer as iemand wat op enige wyse help om die besigheid van 'n werkgewer voort te sit of te bedryf. Daar was naamlik deskundige getuienis dat die

> besigheid van die kerk as organisasie die verkondiging van die evangelie is. 'n Predikant is duidelik primêr hiermee besig ook waar hy of sy in diens staan van die ander kerkstrukture ... (Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a. 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 26).

Die bevindings van die hof is hoofsaaklik bepaal deur die spesialiteitsgetuienis wat voor die hof gedien het (kyk *Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a.* 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 14-28). Dié getuienis berus op die aanname dat die begrip *traktement* in die gereformeerde kerkreg as 'n sinoniem vir *salaris* gebruik word. *Salaris* beteken volgens die HAT (1994:892) die volgende: "betaling, soldy vir gelewerde dienste deur 'n werknemer, veral besoldiging wat 'n amptenaar volgens 'n vasgestelde skaal op gereelde tye, meestal maandeliks ontvang". Volgens hierdie omskrywing van die betekenis van die woord *salaris* is die verhuring van dienste en die ontvang van vergoeding daarvoor (salaris) (vgl. Brassey, 1998:6, 7) *de facto* deur die getuienis voorgehou as deel van 'n kerk se interne werkswyse aangaande die reëling van 'n predikant se regsposisie.

### 2.1.4 Taak van die predikant

Volgens dié uitspraak van die hof is 'n predikant se roeping nie bepalend vir sy regsposisie nie, omdat 'n predikant besig is *om die besigheid van die werkgewer (kerkraad) voort te sit of te bedryf*. Hierdie bevinding van die hof is gegrond op spesialiteitsgetuienis wat voor die hof gedien het, naamlik dat die roeping nie bepalend is vir 'n predikant se regsposisie nie (*Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a.* 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 19). Hiervolgens verskaf 'n kerk, soos enige ander werknemer, aan 'n predikant werk, ongeag die roeping van 'n predikant. Vanweë die getuienis voor die hof het die hof nie rekening gehou met die verreikende betekenis van die roeping van 'n predikant nie.

### 2.1.5 Gesag van die kerkraad

Die hof het verder bevind dat 'n predikant sy diens onder die gesag van 'n kerkraad uitvoer. Dié standpunt word nie deur alle regsgeleerdes gehandhaaf nie. Met inagneming van bepalings in die Dordtse Kerkorde (art. 81) wys Pienaar (1986:39) byvoorbeeld daarop dat die gesagsverhouding tussen 'n kerkraad en 'n Gereformeerde predikant nie die aard van 'n juridies bepaalde arbeids-

verhouding het nie.[3] 'n Kerkraad hou nie alleen toesig oor 'n predikant se leer en lewe nie, maar 'n predikant het ook die verantwoordelikheid om as mede-regeerouderling saam oor die ander ouderlinge toesig te hou (vgl. Pienaar, 1986:39). Dié verhouding weerspieël beslis nie die aard van 'n werkgewer-werknemerverhouding nie (Pienaar, 1986:39).

### 2.1.6 Kerklike prosedures

Sodoende word die basis geskep waarop die kerk die reëling van 'n predikant se diens aan die hand van arbeidswetgewing moet uitvoer (vgl. Joubert, 2002:235, 231 e.v.; Scholtz, 2001:188). Joubert (2002:231) stel byvoorbeeld voor dat die *Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* op die volgende punte uitgebrei behoort te word:

- Die prosedures aangaande 'n werknemer se reg tot billike hantering tydens 'n dissiplinêre verhoor moet in die Kerkorde uitgebrei word.
- Predikante word in die Kerkorde uitgesonder en die vraag ontstaan wat die posisie van ander werknemers van 'n kerkraad is.
- Wangedrag word per implikasie gelykgestel aan sonde.
- Die Kerkorde meld nie dat predikante gewaarsku moet word voordat teen hulle opgetree word nie. Ontslag word as enigste opsie genoem.
- Tugmaatreëls moet waarskynlik hersien word, omdat dit strydig is met aanvaarbare personeelpraktyk.

Genoemde veranderings impliseer onder meer dat die kerkordes van gereformeerde kerke die aard en aanslag van kerkwette moet verkry om aan die vereistes van arbeidswetgewing te voldoen. Soos in die Schreuder-saak rus dié beoordeling van predikante se regsposisie hoofsaaklik op die siening dat die kerk 'n vrywillige vereniging (*societas*) is waarvan die kerkorde as grondwet dien (vgl.

3 Artikel 81 van die Kerkorde bepaal die volgende: "Die bedienaars van die Woord, die ouderlinge en die diakens moet onder mekaar die Christelike sensuur uitoefen en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan." Vergelyk artikel 84 van die Kerkorde wat die volgende bepaal: "Geen kerk mag oor ander kerke, geen bedienaar van die Woord oor ander bedienaars van die Woord, geen ouderling oor ander ouderlinge en geen diaken oor ander diakens enige heerskappy voer nie." (Kyk Hoofstuk 4).

Coertzen, 1999:6). In ooreenstemming met hierdie siening ontvang howe die bevoegdheid om as hoogste juridiese gesag kerke se kerkordes ("as grondwet") te interpreteer. Sodoende word die reëling en beoordeling van predikante se regsposisie aan die staat oorgedra. Die arbeidsreg kan immers nie gedeeltelik toegepas word op die reëling van predikante se regsposisie nie, maar die bepalings van die arbeidsreg geld volgens dié beskouing ten volle vir predikante se diens (Scholtz, 2001:187; vgl. Grant, 2003:162).

### 2.1.7 Regte en pligte van 'n predikant

Volgens Klopper (2001:8) moet die bevestiging van 'n proponent beskou word as diensaanvaarding in 'n gemeente, terwyl 'n beroepsbrief saam met kerkordelike bepalings en sinodebesluite as 'n wettige ooreenkoms (arbeidskontrak) dien (Scholtz, 2001:187; vgl. Coertzen, 1999:7). Dié kontrak bied ook die basis op grond waarvan die regte en pligte van 'n predikant bepaal word (vgl. NGK Sinode 1998, Bylae A15-2, punt 1, 2.5).

Klopper (2001:5 e.v.) meen dat die regte van predikante wel in die Skrif, belydenis en kerkorde uiteengesit word. Predikante verkry hierdie regte egter op grond van 'n arbeidskontrak wat tussen 'n kerkraad en 'n predikant gesluit word.[4] 'n Fundamentele tekort-

---

4 Die aanduiding van regte as godsdiensbepaalde en arbeidsregtelike regte word spesifiek in die opsomming, p. 18 en 19 van Klopper se referaat gevind. Klopper dui die volgende regte en pligte van 'n predikant aan, naamlik 'n predikant moet in 'n gemeente ontvang word as boodskapper van God (vgl. Gal. 4:14; Fil. 2:29); 'n gemeente moet sy gehoorsaamheid betoon (vgl. 2 Tess. 3:4); 'n gemeente moet 'n predikant se voorbeeld navolg (vgl. 2 Tess. 3:7); 'n gemeente moet eerbied en agting aan 'n predikant betoon (vgl. 1 Kor. 16:18; Fil. 2:29; 1 Tess. 5:12); 'n gemeente moet liefde aan 'n predikant betoon en voorbidding vir hom doen (vgl. 1 Kor. 9:11-14; Gal. 6:6; 1 Tim. 5:17-18); en 'n gemeente moet sy predikant versorg. Verder is Klopper (2001:5 e.v.) van mening dat die *belydenisskrifte* die volgende regte aan predikante verleen: die reg om aan die kerkregering deel te neem en om lid van die kerkraad te wees (NGB art. 30); die reg op die verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente (NGB art. 30); die reg op gelyke status (mag en gesag) as alle ander bedienaars van die Woord (NGB art. 31); die reg op die agting van die gemeente (NGB art. 31); die reg op die toepassing van die tug saam met die kerkraad (NGB art. 32) en die reg op die bediening van die Nagmaal (HK vraag & antwoord 75). Op grond van die *Dordtse Kerkorde* identifiseer Klopper die volgende regte van predikante: die reg op lewensonderhoud (art. XI); die reg op die *eere ende Name eens Dienaars* (art. XIII); die reg op versorging van die kerk na die aanvaarding van emeritaat (art. XIII); die reg om die volgende take te verrig: die bediening van die Woord en die gebede; die bediening van die sakramente, die uitoefening van die tug en die kerkregering (art. XVI); die reg om op die kerkraad te dien en daarvan voorsitter te wees (art. XXXVII); die reg

koming in die beredenering is dat Klopper nie aandui op watter wyse die onpartydige staat veronderstel is om spesifieke godsdiens-bepaalde regte en pligte van die predikant te reël nie. In verskillende lande word aanvaar dat die kerk die reg het om dié regte en pligte van 'n predikant by wyse van interne kerklike bepalings te reël, omdat die onpartydige staat nie durf identifiseer met die wyse waarop 'n kerk of godsdiensgemeenskap sy geloof uitleef nie.

## 2.2 Die predikant: 'n onafhanklike kontrakteur?

Fourie (2002:111) is 'n voorstander van die beskouing dat 'n predikant se posisie geïnterpreteer moet word as dié van 'n onafhanklike kontrakteur. Dié standpunt van Fourie (2002:108, 111) word soos volg gemotiveer:

> By sy werk plaas die werknemer hom in onderhorigheid slegs ten opsigte van die uitvoering van sy pligte, en gee hy/sy nie toestemming om sy/haar persoonlike vryheid op te offer nie. In daardie opsig verskil die predikant se situasie dus wesenlik en fundamenteel van die van 'n gewone werknemer.

Hierdie tipe beskouing word gemotiveer deur *kerk* te tipeer as geestelike samelewingsverband waarin predikante se regsposisie bepaal word deur die roeping wat van die Here uitgaan (Fourie, 2002:111). Omdat 'n predikant deur sy roeping in diens van die Here staan, beskryf Fourie (2002:111, 112) 'n predikant se diens as 'n soort a-tipiese werk. Hierdie siening beteken dat predikante se diens nie voldoen aan die vereistes vir die definisie van 'n werkgewer-werknemerverhouding nie. Predikante moet derhalwe "… vanuit juridiese oogpunt … as onafhanklike kontrakteurs, [wat] hulle dienste aan die kerk kontrakteer" (Fourie, 2002:112), beoordeel word. Op hierdie wyse kan predikante hulle steeds vanweë 'n juridies-bepaalde kontrak beroep op howe vir beskerming sonder dat die bepalings van die arbeidsreg op die reëling van hulle regsposisie toegepas word. Deur 'n predikant as onafhanklike kontrakteur te beskou, trag Fourie (2002:113 e.v.) om 'n regsbasis te skep om te voorkom dat predikante aan die willekeur van kerkrade oorgelewer word.

---

om na meerdere vergaderings afgevaardig te word (art. XLII) en die reg om te verwag dat die kerk aan sy belydenisgrondslag getrou sal bly (art. LIII).

### 2.3 Samevatting

In bogenoemde standpunte word belangrike Skrifgegewens oor die aard van 'n predikant se verbintenis aan die kerk – 'n aspek wat bepalend is vir die beoordeling van predikante se regsposisie – nie in ag geneem nie (vgl. Deut. 18:1 e.v.; Matt. 10:10; Gal. 6:6-8 en 1 Kor. 9:1-14; vgl. Pel *et al*., 1991:15). Volgens genoemde standpunt word 'n predikant se roeping gesien as 'n juridies bepaalde verhouding. Hierdie interpretasie impliseer dat 'n predikant se roeping as 'n kontrak tussen die Here en 'n predikant beoordeel word. Sodanige siening sou ook kon beteken dat die roeping 'n tweede element inhou, naamlik die konstituering van 'n juridies bepaalde kontrak tussen 'n kerkraad en 'n predikant (Klopper, 2001:1 e.v.).

Die standpunt dat 'n predikant 'n werknemer van 'n kerkraad is, word hoofsaaklik gebaseer op hofuitsprake en nie op eksegeties-kerkregtelike bevindings nie (Klopper, 2001:1 e.v.; Scholtz, 2001: 187; vgl. Coertzen, 1999:6). Sodoende word die reg as basis vir die definiëring van 'n predikant se regsposisie geneem (vgl. byvoorbeeld Klopper se verkontraktualiseerde beskouing van 'n predikant se regsposisie). Hierdie siening stel die kerkregtelike beginsels wat in die kerk geld afhanklik van die arbeidsreg, aangesien die kerkorde regsgeldig geaktiveer moet word by wyse van 'n kontrak (die beroepsbrief). Op hierdie wyse word die staatsowerheid *de facto* in beheer van die kerk gestel vir die reëling van die predikant se diens.

Britz (1999:4) is van mening dat bogenoemde benadering 'n verskuiwing in die gereformeerde kerkreg teweeg bring. In die gereformeerde kerkreg val die fokus nog altyd op die Woord van die Here as die oriënteringspunt vir die reëling van die kerklike diens. Met betrekking tot die posisie van die predikant beklemtoon die gereformeerde kerkreg dat die Here van die kerk mense tot sy diens roep. Die vermenging van die staatsreg (arbeidsreg) met die kerkreg bring "iets" in gedrang: "Die Here as Hoof van die kerk wat roep en die opdrag gee (dus die eintlike 'Werkgewer') raak uit fokus" (vgl. Britz, 1999:4).

## 3. Diens van die predikant in die GKSA

Word die diens van die predikant in die GKSA gereël deur 'n kontraktuele verbintenis, of deur die kerkregering by wyse van die interne reg wat deur die beroepsbrief en die bevestiging, soos gereël in die Kerkorde, tot uitdrukking gebring?

## 3.1 Kerkorde en predikantsdiens

Om te bepaal of die beroepsbrief 'n kontraktuele verbintenis tussen die kerkraad en die predikant tot stand bring, moet eers gevra word wat die Kerkorde is en hoe die Kerkorde funksioneer. In die Gereformeerde kerkreg word aanvaar dat die bronne van die kerkorde wat gebruik word om die diens van die predikant te bepaal die Heilige Skrif, die belydenis en die kerkreg (tradisie) is. Die fokus val in hierdie opsig op die verhouding tussen die Skrif, die belydenis en die kerkorde. Hierdie bronne is in beginsel ook die maatstaf vir die geldigheid van die kerkorde en uit hierdie bronne word aangetoon dat die Woord onafhanklik van staatsbepalings funksioneer (vgl. Smit, 1984d:69-74).

### 3.1.1 Betekenis van die Skrif vir die reëling van die predikantsdiens

In die Gereformeerde kerkreg word aanvaar dat die die Heilige Skrif die belangrikste bron vir die reëling van die kerklike orde is (Van der Walt, 1976:161; Bouwman, 1970:324, 325; vgl. Sillevis Smitt, 1910:114; Van Itterzon, 1974:52; Pont, 1981:9; Smelik, 1973:58, 59). In die Skrif word die beginsels gegee waarvolgens die kerkorde opgestel moet word (vgl. Calvyn, *Inst*. 4.10.30, 15-25). 'n Noodsaaklike deel van hierdie orde vir die kerk is die reëling van die kerklike dienste (vgl. 1 Kor. 9; 2 Tess. 3:6 e.v.; 1 Tim. 3:1-13; 2 Tim. 2:14 e.v.; NGB artt. 30-32; KO Artt. 3-19).

Die kerkorde is nie 'n selfstandige regspostulering naas die Skrif wat regsgeldigheid gee aan die Skrifbepalings oor predikante se diens nie (vgl. Calvyn, *Inst*. 4.10.30, 5-35). Dit beteken dat die kerkorde nooit naas die Skrif as gesagsbron te staan kom nie (Smit, 1984d: 83; vgl. Smit, 1984b:39 e.v.; Smit, 1984a:41 e.v.; Smit, 1984c: 21-28 e.v.). Volgens hierdie vertrekpunt het die kerkorde nie 'n selfstandige, wetlike gesag nie. Die kerkorde skep nie die reg om die predikant se diens te reël nie, maar gee slegs uitvoering aan die opdrag van die Here. Die Skrif stel byvoorbeeld sekere vereistes vir bedienaars in die kerk (1 Tim. 3:5; 5:19) en gee sekere opdragte oor die onderhoud van bedienaars van die Woord (Matt. 10:10; Gal. 6:6; Fil. 4:15; 2 Tess. 3:9; vgl. HK Son. 38; Sillevis Smitt, 1910:180-181). Die gesag van die kerkorde om predikante se diens weer te gee, berus primêr daarop dat die kerkorde *norma ministrans*, 'n bediening van die gesag van die Skrif is (Smit, 1984d:83). Die verpligting van die kerk om die diens van predikante te reël, is gesetel in die opdrag wat die Here vir sy kerk gee. Die Skrif vervul in hierdie opsig (met betrekking tot die interne werking van die kerk) vir die kerk die

funksie wat die staat deur die kontraktereg en arbeidswetgewing vir die burgerlike gemeenskap beoog.

### 3.1.2 Betekenis van die belydenis vir die predikantsdiens

Die belydenisskrifte van die kerk verwoord die Skrifbeginsels van die kerk. Die reëling van predikante se diens is deel van die kerk se belydenis, dit wil sê die kerk se reëlings oor dié aangeleentheid is deel van die *homologein* (om dieselfde te sê) van die Skrif (Polman, s.j.:6, 7; vgl. Smit, 1984a:45). Sodoende bied die belydenis die beginselbasis, die grondreël, waarop kerke in kerkverband die predikant se diens in *doctrina* (leer) en *disciplina* (ordening) onderhou (vgl. Du Plooy, 1982:238). Die plek van die dienste én die wyse waarop die kerkregering gereël word, kom spesifiek in artikels 28-31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis na vore.

Volgens dié belydenis is daar nie sprake van ’n “arbeidskontrak” tussen die predikant en die kerkraad nie:

- Die diens van die predikant word verbind aan die geestelike stuurswyse van die kerk (NGB art. 30). In ooreenstemming met hierdie siening is ’n predikant nie ’n werknemer van die “huisgesin van God nie”, maar ’n bestuurder in die gemeenskap van die gelowiges. ’n Predikant is, saam met die ouderlinge, *kubernéseis* (stuurmanne) en *hégoumenoi* (leiers) wie se taak dit is om leiding in die gemeente te gee (*proshistamenos*) (Du Plooy, 1979:54, 55).
- Die wyse waarop die bestuurstaak van die kerk uitgeoefen word, is eweneens ’n belangrike aanduiding dat die predikant se posisie nie beoordeel mag word as dié van ’n werknemer van die kerk nie. Die predikant is saam met die ouderlinge, nie ’n heerser oor die erfdeel nie, maar ’n voorbeeld vir die gelowiges, ’n herder, ’n dienskneg wat aan die Opperherder rekenskap moet gee – dus ’n rentmeester van God (Du Plooy, 1979:56).
- Verder stel die belydenis die fundamentele Skrifbeginsel van roeping tot die predikantsdiens as die maatstaf vir die reëling en beoordeling van predikante se diens (NGB art. 31). Die belydenis sê dat ’n ampsdraer (predikant) moet wag totdat hy deur God geroep word, sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom (NGB art. 31). Vanweë die verhouding tussen die kerkorde en die belydenis, waardeur die kerkorde die beginsels van die belydenis prakties in die gereformeerde kerkorde reël, het die kerkorde die doel om die

roeping van die predikant te reël (vgl. KO art. 4, 5). Volgens die gereformeerde belydenis kan roeping nie as ’n kontraktuele verbintenis tussen God en die predikant of die gemeente en die predikant beskryf word nie, maar konstitueer roeping ’n eiesoortige (geloofs-)verbintenis binne die kader van ’n spesifieke geloofsgemeenskap. Die belydenis (*doctrina*) en die regering (*disciplina*) van die kerk kan nie van mekaar geskei word nie, omdat dissipelskap juis die gevolg is van die verkondiging van die *doctrina* wat Christus aan ons geleer het (Du Plooy, 2002:4).

### 3.1.3 Aard en doel van die kerkorde

Van deurslaggewende belang om te bepaal of ’n predikant kontraktueel aan ’n gemeente verbind is, is die vraag of die kerkorde van ’n kerkgemeenskap daarvoor voorsienning maak om die predikant se verbintenis aan die kerk kontraktueel te reël (Mankatshu v Old Apostolic Church of Africa & Others 1994 (2) SA 458 (Tk AD); vgl. *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 26). Die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bepaal nie dat die predikant se diens in die gemeente by wyse van ’n kontrak gereël word nie. In die Gereformeerde kerkreg is die kerkorde die *ius constitutum* (die reg soos dit is) (Van der Linde, 1965:123).

Volgens hierdie uitgangspunt is die *ius constitutum* die vormgewing van reg deur beginsels uit die Woord af te lei soos dit deur tyd, plek en omstandighede beïnvloed word. Hierdie reg word uit die *ius constituendum* afgelei. Die *ius constituendum* is die ideële opvatting van die beginsels van die kerkreg, soos dit deur die kerkreg in die Skrif nagevors en steeds verder in dié lig gestel word (Smit, 1984d:73; vgl. Van der Linde, 1965:123). Die Gereformeerde kerkreg definieer die reg van die kerk dus as ’n selfstandige reg. Hierdie beskouing van die reg bied die perspektief dat die kerk die diens van die predikant reël op grond van die selfstandige (godsdiensbepaalde) reg van die kerk. Dié selfstandige reg is inherent deel van die kerk se beskouing oor kerklike orde en die bediening van dié orde. Volgens hierdie vertrekpunt word die diens van die predikant gereël deur die interne reg van die kerk (vgl. Gildenhuys, 2001:226; Pienaar, 1986:215-216, 254-255).

### 3.1.4 Toepassingsveld van die kerkorde

Die uitgangspunt van Artikel 1 van die Kerkorde wat in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika toegepas word, bied die konteks waarbinne die kerkordelike bepalings oor die predikant se diens ver-

staan moet word. In Artikel 1 van die Kerkorde word die volgende bepaal:

> Om goeie orde in die kerk van Christus te onderhou, is daarin nodig: die dienste, samekomste, toesig oor die leer, sakramente en seremonies en die kerklike tug, waaroor hierna agtereenvolgens gehandel word.

Hierdie uitgangspunt benadruk dat dit die uitsluitlike doel van die Gereformeerde Kerkorde is om reëlings vir die instandhouding en opbou van die kerk te tref (Calvyn, 1991: *Inst*. 4.10.27; 4.11.1). Die reëlings met betrekking tot die predikant se diens moet binne hierdie konteks verstaan word. Volgens die kerkorde word die reëling van predikante se diens as 'n interne kerklike aangeleentheid beskou, omdat die predikantsdiens deel is van die orde wat die Here vir die opbou en instandhouding van sy kerk gee (vgl. Calvyn, 1991: *Inst*. 4.3.1.1-10):

> He calls forth ministers to be fellow-labourers, by means of whom He alone works; but at the same time in such a way, that they at their turn labour in common with him. (Calvin, 1848:131, 132.)

Die eiesoortige reëlings van die predikant se diens in die kerkorde verteenwoordig die kerk se selfstandige geloofsorde waarin die Hoofskap van Jesus Christus oor die kerk na vore kom (vgl. Smit, 1984d:120). Die kerkorde verbind die predikant in die eerste plek nie *aan* die kerk nie, maar aan die Hoofskap van Jesus Christus *in* die kerk, en sodoende is hierdie verbintenis van die predikant binne die raamwerk van die kerk deel van die harmonieuse orde: die "... evenwichtig coördinatensysteem, waarin ambt en gemeente niet met elkaar op gespannen voet staan, maar waarin beide de plaats innemen, die God hun binnen het geheel toewees" (Van't Spijker, 1990b:157). Die kerkordelike reëlings vir die predikant se diens, waardeur sy diens kerkordelik omlyn word, is integraal deel van die ordelike bestaanswyse van die kerk in die wêreld (vgl. Van't Spijker, 1990b:157). Die Gereformeerde predikant se diens word dus deur die interne reg van die kerk, soos dit by wyse van die Kerkorde uitdrukking vind, gereël. Die vraag wat derhalwe beantwoord moet word, is wat die aard en doel van die beroepsbrief is.

### 3.2 'n Beroepsbrief vir 'n predikant

Volgens Pel *et al*. (1991:17) is dit merkwaardig dat daar nie in die Kerkorde spesifieke bepalings oor die beroepsbrief is nie. Die feit dat nie ruimte geskep word om die bepalings van 'n beroepsbrief

binne die konteks van die Kerkorde te bespreek of te beoordeel nie, kom egter nie vreemd of verdag voor nie. Die Kerkorde bevat die bepalings wat nodig is om die orde in die kerk van Christus te onderhou (vgl. GERKO: art. 1). As vertrekpunt reël die Kerkorde eers die diens van die predikant soos dit deur die handeling van roeping (beroeping) en bevestiging daargestel word. Nadat die beroeping deur die gemeente plaasgevind het, word die beroepsbrief aan die predikant gestuur.

### 3.2.1 Kontraktuele implikasies?

Die standpunt word onder meer gehuldig dat die beroepsooreenkoms (beroepsbrief?) kontraktuele implikasies het (Spoelstra, 1989: 88). Hierdie beskouing hou inherente teenstrydighede in. Spoelstra (1989:95) wys byvoorbeeld op die volgende:

> ... enige predikant [mag] sy ‘bedanking’ vir die roeping by die kerkraad indien. Wanneer dit gebeur, moet dit dadelik voorlopig aanvaar word. In ’n sekulêre beroep kan iemand nog kontraktueel verplig word om ’n tyd van ‘kennisgewing’ uit te werk tot ’n plaasvervanger gevind word. Dit is egter in die kerk onmoontlik om iemand wat verklaar dat hy hom nie meer van Christus geroep voel tot die diens nie en ’n ander beroep wil gaan beoefen, selfs vir ’n enkele verdere diens as predikant te erken.

Hierdie opmerking van Spoelstra dui reeds daarop dat dit onmoontlik is om die verbintenis van die predikant in die plaaslike kerk te beskou as die daarstelling van ’n dienskontrak, wat noodwendig onderhewig is aan die land se arbeidswetgewing (vgl. Van’t Spijker, 2005:256, 257).

Die beskouing dat ’n beroepsbrief kontraktuele implikasies het, gee aan dié dokument meer status as wat dit inherent het. Die beroepsbrief is die kerkregtelik verantwoorde mededeling van die beroep aan die beroepene. Die handeling van bevestiging, is die kerkregtelike verbintenis van die beroepene in ’n bepaalde plaaslike kerk, sonder dat ’n regskontrak daardeur hoegenaamd tot stand kom. Tydens beroeping deur ’n ander gemeente staan die predikant as ’t ware onder twee beroepe. Deur gebed en onder die leiding van die Heilige Gees moet die predikant besluit watter beroep hy opvolg. Die beroepsbrief is dus die mededeling aan die predikant dat hy wettig, onder aanroeping van die naam van Here soos die Kerkorde bepaal, deur ’n spesifieke plaaslike kerk beroep is.

### 3.2.2 'n Werksaanbod?

Die beroepsbrief is nie 'n gemeente se "werksaanbod" aan 'n predikant om in diens van die gemeente te werk nie. Die beroepsbrief gee uitdrukking aan die beginsel van roeping en versorging soos dit in Artikels 4, 5 en 11 van die Kerkorde bepaal word.

Met betrekking tot die versorging van die predikant is die beroepsbrief slegs die praktiese uitvoering van die beginsel wat in Artikel 11 van die Kerkorde gestel word. Indien 'n predikant van mening is dat hy deur 'n kerkraad verontreg word, is die basis waarop hy hom op die hof kan beroep die feit dat die kerk nie sy interne reg nakom, soos dit bepaal word in Artikel 11 van die Kerkorde, met verwysing na die beroepsbrief nie. 'n Hofbeslissing hieroor sal vanweë die aard van Artikel 11 van die Kerkorde nie berus op die staat se bepalings van arbeidswetgewing nie, maar op die hof se diskresie of aan die kerklike prosedure gevolg gegee is soos dit bepaal word deur die interne kerklike reg (vgl. Gildenhuys, 2001:242).

Die binding van die beroepsbrief berus daarop dat dit die Skrifopdrag uitvoer soos dit in Artikel 11 van die Kerkorde verwoord is. In die lig van Artikel 11 van die Kerkorde het die beroepsbrief nie 'n vrywillige inwilligingsbasis soos 'n kontrak nie, maar 'n dwingende aard. 'n Kerkraad is verplig om 'n predikant te onderhou en mag hom nie sy onderhoud weerhou nie (KO: art. 11). Die kerkordelike bepalings met betrekking tot die verhouding tussen die predikant en die kerkraad het dus 'n monopleuriese aard (*monopleuries* dui op 'n aktiwiteit wat slegs van één party uitgaan) en nie 'n vrywillige basis soos met kontraksluiting nie.

## 3.3 Bevestiging van 'n predikant

### 3.3.1 Aard van die bevestiging

In die "Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord" is daar geen aanduiding dat die predikant 'n kontraktuele ooreenkoms met die gemeente sluit nie. Met die eerste vraag van die formulier word eerder die teendeel bewys. Die vraag gaan uit van die roeping van die predikant van Godsweë. Tydens die bevestiging word goddelike en menslike faktore geheimnisvol saamgevoeg om die predikant in diens van Christus te bevestig (vgl. Spoelstra, 1989:32). Spoelstra (1989:52) wys daarop dat die kerk by die handeling van beroep en bevestiging "iemand wat Christus aan hulle gee ... in diens van Christus stel sonder dat hulle hom in diens neem". Tydens die bevestiging neem Christus die predikant "in diens" deur die ooreenstemming van die inwendige en die uitwen-

dige roeping. Die doel van die onderskeie partye is derhalwe die totstandkoming van 'n godsdienstige verbintenis, wat by wyse van die bevestiging konstitueer én deur die Kerkorde as die reg van Christus vir die kerk gereël word (vgl. Smit, 1985:338-389).

### 3.3.2 Leer en lewe

Die tweede, derde en vierde vrae is van fundamentele belang by die bevestiging van die predikant in die diens. Op grond van sy antwoorde op hierdie vrae word die predikant se regsposisie in die kader van die predikant se leer en lewe geplaas wat in ooreenstemming met Skrifbepalings moet wees. Dié bepalings is eiesoortig aan die meeste kerke en selfs geloofstelsels. Die handhawing van die predikant se sogenaamde regte en verpligtings word ten volle gebaseer op die ooreenstemming van sy leer en lewe met die gees en bepalings van die Skrif. In ooreenstemming met die bepalings van die burgerreg en in teenstelling met die funksioneringswyse van die kerk mag 'n werkgewer in die sekulêre wêreld nie aan 'n werknemer eise stel oor sy geloof en die uitlewing van dié geloof nie (vgl. GW: art. 15). Vir die kerk gaan dit egter oor die manier waarop hy homself verstaan én sy opdrag in die samelewing uitvoer; daarom is dit wesenlik deel van sy aard om 'n geloofsposisie ten opsigte van roeping en lewe in te neem. Die diens van 'n predikant word derhalwe bepaal deur sy instemming met hierdie geloofsposisie; 'n posisie wat sy hele lewe omvat en nie slegs betrekking het op 'n aspek van die lewe, soos in die geval van 'n werkgewer wie se diens deur die werkgewer beheer word nie. Die predikant onderwerp hom in leer en in lewe aan kerklike bepalings soos dit in die Gereformeerde kerkreg en die Gereformeerde kerkregering tot vergestalting kom.

### 3.3.3 Onderwerping aan kerklike reëlings

Met die bevestigende antwoord op die vyfde vraag word die diens van 'n predikant in beginsel bepaal as 'n interne kerklike aangeleentheid. Die predikant onderneem om hom aan die kerklike vermaning en tug te onderwerp indien hy in leer of lewe van die leer afwyk. Hierdie monopleuriese aard van die formulier het nie die kenmerke van 'n kontraktuele ooreenkoms nie. In 'n kontraktuele ooreenkoms onderhandel twee gelyke vennote met mekaar totdat 'n gemeenskaplike ooreenkoms bereik word. Die formulier wys eerder op die duidelike Skrifbepalings van die Here waaraan die dienaar, kragtens sy roeping, verbind word. Verder word die diens van 'n predikant daardeur bepaal dat hy tydens die bevestiging nie deur die kerk of kerke in  diens geneem word nie, maar in staat gestel word om die

opdrag, wat hy van die Here ontvang, in diens van die Here as Opdraggewer uit te voer.

Die diens van 'n predikant verkry 'n geestelike of geloofsdimensie deurdat sy taak (verpligtings) geheel en al in diens van die Here staan en by wyse van Skrifbepalings deur die Here verorden word. Sy "verpligtings" word beseël deur sy belofte aan God, terwyl sy "regte" ook bepaal word op grond van die agting wat die gemeente aan hom verskuldig is (Formulier, 2001:137-142). Op grond van die genoemde geestelike of geloofsdimensie verkry die predikant se regsposisie deur sy verbintenis aan die plaaslike kerk geheel en al 'n ander aard as dié van 'n werknemer teenoor sy werkgewer. Die gesagsverhouding word deur die bevestiging van die predikant ook nie gestel as dié van kerkraad oor predikant nie; die gesagsverhouding word eksplisiet aangedui as 'n gesagsverhouding van die Here teenoor sy dienaar en 'n verhouding wat verseël word deur die predikant se belofte aan die Here.

### 3.3.4 Doel van die verbintenis

Die doel van die Formulier is nie om 'n arbeidsverhouding tussen die kerkraad en die predikant te skep nie. Die bevestiging volgens die Formulier konstitueer 'n geloofs- en 'n diensverhouding in die eksegeties-dogmatiese sfeer van die kerk (Formulier, 2001:137-142). Die diens van die predikant word omvattend deur die geloof bepaal. Op hierdie wyse word die predikant vir die uitvoering van sy diens in diens van Christus bevestig. Die doel van hierdie diens is om die plaaslike kerk deur die verkondiging van die evangelie op te bou (Formulier, 2001:138-139; vgl. Smit, 2001:25-27). Die doel van dié verbintenis dui eweneens daarop dat die verhouding tussen die gemeente en die predikant 'n eiesoortige geloofskarakter het en derhalwe nie onder die reëlingsbevoegdheid van die staat val nie.

### 3.3.5 Regte en pligte vanweë die bevestiging

Die regte en pligte van 'n Gereformeerde predikant is nie vanweë 'n kontraktuele verbintenis tussen die gemeente en die predikant nie, maar vanweë die bevestiging van die predikant in diens van Christus. Hierdie regte en pligte is die gevolg van die predikant se opdrag om as verkondiger van die Woord in die plaaslike kerk te dien én om saam met ander kerke mekaar te versorg en by te staan. Die noue band tussen die Skrif, belydenis en kerkorde het tot gevolg dat die regte en pligte van die predikant eksegeties-dogmaties bepaal is én dat die reëling en uitvoering daarvan deel is van die spesifieke orde wat Christus vir sy kerk gee. Die reëling van pre-

dikante se regte en pligte is dus aan kerklike prosedures onderhewig.

Die ooreenstemming tussen die regte en pligte van die predikant moet verstaan word in die lig van die diensbegrip wat die kerkorde gebruik. In die Latynse weergawe van die kerkorde word die kerklike *ministerium* uitgedruk deur die begrippe *functio* (KO: art. 2), *officium* (KO: artt. 16, 23, 25) en *munus* (KO: art. 18). Volgens die betekenisladings van hierdie begrippe dui *functio* op 'n diensbetrekking of die bekleding van 'n amptelike posisie (*munus*). Die begrip *officium* omsluit die betekenisnuanses van die vervulling van 'n amp of 'n plig, of die werksaamheid wat aan 'n amp of werkkring verbind word. Die begrip *munus* hou verband met die betekenis van die waardigheid of die posisie, of die werkkring en die waardigheid wat aan die werk verbind word (Bouwman, 1970:366).

In Artikel 2 van die Kerkorde word *functio* gebruik om aan te dui dat die diens van die predikant (soos die ander dienste) nie die konnotasie van 'n *munera ecclesiastica* (amptelike waardigheid) het nie, maar dui op 'n wyse van bediening in die kerk. Die predikant ontvang nie regte en pligte op grond van die amp of die status of die posisie wat hy beklee nie, maar op grond van die bevestiging in 'n eiesoortige (kerklike) diens. Die predikant kan derhalwe nie "ampshalwe" aanspraak maak op sekere regte en pligte nie (vgl. Smit, 1985:100), maar kan dit wel doen op grond van die Kerkorde wat hierdie eisoortige diens reël.

Verder dui die begrippe *ministerium*, *functio*, *officium* en *munus* op roeping, taak, opdrag, funksie en diens (vgl. Bouwman, 1970:366 e.v.). Die gawe (diens) wat Christus by wyse van die predikantsdiens in en aan die kerk gee, sluit ook die opgawe (die roeping) in. Die implikasie van gawe en opgawe is dat Christus die predikant deur die toedeling van gawes bekwaam om in die diens te kan staan (Venter, 1988:87), terwyl die predikant die bevoegdheid om die diens uit te voer, ontvang deur die roeping wat van die Here kom (Venter, 1988:100, 101). Die regte wat die predikant deur die bevestiging ontvang, kan derhalwe terselfdertyd die pligte van die predikant wees. Samevattend kan die regte – wat ook pligte kan wees – en die pligte van die predikant soos volg aangedui word:

- Die predikant moet die Woord van God grondig ondersoek en suiwer en eenvoudig aan die gemeente verkondig.
- As herder moet die predikant vashou aan die betroubare Woord wat volgens dié leer is, en dit reg sny.

- In die eredienste en tydens huisbesoek moet die predikant die lidmate onderrig en vertroos, vermaan en teregwys volgens die eis van elkeen se omstandighede.
- Die predikant moet die sakramente bedien.
- Die predikant moet die Naam van die Here in die erediens aanroep met skuldbelydenis, met lof en danksegging, en hy moet vir alle mense voorbidding doen.
- Die predikant moet die verbondskinders onderrig in die kennis van die Woord van God.
- Die predikant moet saam met die ouderlinge toesig hou en sorg dat alles in die gemeente reg verloop.
- Dit is ook die predikant se roeping om aan die wêreld die evangelie te verkondig.
- Die predikant moet afgedwaaldes opsoek om hulle in die gemeenskap van die kerk terug te bring (Formulier, 2001:137-142).

Verder moet daarop gewys word dat die regte en pligte van die predikant in die gemeenskap van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika soos volg uiteengesit word, naamlik om as voorsitter van kerklike vergaderings op te tree (KO: artt. 35, 37), om as konsulent te dien (KO: art. 5) en om visitasie in naburige kerke doen (KO: art. 44). Hierdie regte en pligte van die predikant het die doel om die kerke wat in gemeenskap met mekaar leef, te ondersteun en deur die verkondiging van die Woord op te bou. Ook hierdie take is begrond in Skrifbeginsels en is in die Kerkorde opgeneem as deel van die predikant se eksegeties-dogmaties bepaalde taak om die orde in die kerk van Christus te onderhou (KO: art. 1).

Nêrens val hierdie regte en pligte van die predikant buite die reikwydte van sy kerklike ampsopdrag nie. Inteendeel, die regte en pligte van die predikant is gerig op die toerusting van die gelowiges en die opbou van die kerk (vgl. Ef. 4:12). Sodoende is die regte en pligte van die predikant ’n volvoering van die *leitourgiai* van die priesterlike diens (Kittel, 1976:229). Gesien vanuit die hoek van die predikant se ampsregte en ampspligte, is sy regsposisie ten volle ’n interne kerklike aangeleentheid waaroor die kerk reëlingsbevoegdheid het. Beskou vanuit die hoek van die predikant se bevestiging, behels die wedersydse verbintenis tussen die kerk en die predikant geensins ’n juridies-bepaalde arbeidsregtelike verhouding nie.

## 4. Die formulering van die beroepsbrief

Die huidige formulering van die beroepsbrief in die GKSA in die lig van die prinsipiële raamwerk van die Kerkorde waarbinne die predikant se diens gereël word, is hier ter sprake.

### 4.1 Interpretasie van interne kerklike dokumente deur die howe

Volgens die beginsels van godsdiensvryheid en staatsneutraliteit mag die howe van die godsdiensonpartydige staat nie interne kerklike dokumente soos die beroepsbrief interpreteer en evalueer nie (vgl. Gildenhuys, 2001:242). Hierdie dokument gee immers uitdruklik uitvoering aan die bepaling van Artikel 11 van die Kerkorde dat die predikant reg en billik in die diens versorg moet word. Ongeag die feit dat die beginsels van godsdiensvryheid en staatsonpartydigheid beteken dat howe nie interne kerklike dokumente mag interpreteer nie, kan dit gebeur dat howe hulle tog die bevoegdheid aanmatig om interne kerklike dokumente te interpreteer. Aangesien die kerk nie ’n revolusionêre ingesteldheid teenoor die owerheid het nie en ten alle koste konflik met die staat wil vermy, behoort die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beroepsbriewe sodanig op te stel dat howe dit sonder twyfel as ’n interne kerklike dokument moet kan beoordeel.

### 4.2 Bewoording van die konsepvorm van die beroepsbrief

Die beroepsbrief bevat normaalweg ’n bylae waarin die predikant se traktement, huisvesting, motor-, reistoelae en so meer vervat word:

> Die verpligtinge wat die kerkraad teenoor u onderneem betreffende traktement en ander vergoedings en voorsienings asook huisvesting en wat daarmee gepaard gaan, word in die bygaande opgawe vermeld.

Hierdie versorgingsbepalings word bygevoeg op grond van die Skrifbeginsel dat die predikant behoorlik versorg moet word (1 Kor. 9:6-14), en soos dit in die Kerkorde vervat is (KO: art. 11). Wat hierdie aspek betref, moet dit onomwonde duidelik gestel word dat die beroepsbrief en die bylae tot die beroepsbrief ’n konsepvorm is. ’n Kerkraad wat ’n beroep op ’n predikant uitbring, mag die bylae tot die beroepsbrief nie as ’n arbeidskontrak hanteer nie. Die predikant mag dus nie voor ’n “beroepskeuse” gestel word waarvolgens hy ter wille van ’n beter traktement van standplaas kan verander nie (vgl. Visser, 1999:52). In hierdie opsig moet op die volgende gelet word: Die huidige vorm van die konsepberoepsbrief bepaal dat die “... verpligtinge wat die kerkraad teenoor u [die predikant] onderneem

betreffende traktement en ander vergoedings en voorsienings asook huisvesting en wat daarmee gepaard gaan, ... in die bygaande opgawe vermeld [word]”. Op grond van hierdie mededelings word die indruk geskep dat die beroepsbrief eerder ’n kontraktuele aanbod aan die predikant is as die mededeling van die roeping wat op hom uitgebring is. Hoewel howe hierdie dokument nie behoort te interpreteer nie, kan dit tot verwarring aanleiding gee.

### 4.3 Moontlike wysiging aan die konsepvorm van die beroepsbrief

Volgens die beginsel van kerklike traktering ontvang ’n predikant nie ’n vergoeding vir dienste gelewer nie. Sodoende ontvang ’n predikant nie op ’n kontraktuele basis ’n salaris van ’n werkgewer nie, maar ’n traktement waardeur hy in staat gestel word om sy diens te verrig. Die konsepberoepsbrief bepaal dat ’n kerkraad onderneem om ’n predikant ’n traktement en ander vergoedings en voorsienings, asook huisvesting te gee.

Hierdie formulering van die konsepberoepsbrief is inderwaarheid ’n anomalie, aangesien dit nie moontlik is om in iemand se behoeftes te voorsien as die behoeftes nie vooraf vasgestel is nie. Hierdie bewoording van die konsepberoepsbrief behoort vervang te word met ’n uitnodiging van die kerkraad aan die predikant om, indien die predikant dit sou oorweeg om die beroep op te volg, met die kerkraad in gesprek te tree oor sy versorging. Op hierdie wyse kan ’n gemeenskaplike reëling getref word aangaande die predikant se versorging. ’n Moontlike herformulering van die toepaslike sin kan byvoorbeeld wees: “Die kerkraad nooi u vriendelik uit om, indien u oorweeg om die beroep op te volg, ’n afspraak met die kerkraad te maak waartydens ons u traktering sal bespreek.” So ’n herformulering van die beroepsbrief bring die kerklike praktyk in ooreenstemming met die beginsel van kerklike traktering, terwyl kerke ook nie die indruk skep dat die beroepsbrief as ’n kontrak geïnterpreteer moet word nie.

## 5. Gevolgtrekkings

Die beroepsbrief behoort nie as ’n kontraktuele ooreenkoms tussen die kerkraad en die predikant beskou te word nie. Die beroepsbrief funksioneer binne die konteks van die interne verbandsreg van die kerk, of te wel die eiesoortige wyse van die kerk se regering as ’n mededeling van ’n gemeente aan ’n predikant dat hy wettig deur die gemeente as bedienaar van die Woord beroep is. Die doel van die kerkorde is nie om ’n kontraktuele werksverhouding tussen ’n kerk-

raad en 'n predikant te skep nie, maar om in 'n gemeenskap (die kerk) wat by wyse van roeping vergader word, die besondere roeping van predikante te reël. Die doel van die kerkordelike bepalings en die beroepsbrief met betrekking tot die reëling van die predikant se diens is derhalwe om prakties uitvoering te gee aan 'n godsdienstige of geloofsverbintenis wat by wyse van die bevestiging in die diens tot stand kom, soos dit deur die Skrif aangedui en in die belydenis verwoord word.

Die orde van die kerk, waarvan die diens van die predikant inherent deel is, is 'n uitdrukking van Christus se regering vir sy kerk. Op hierdie geestelike orde én ordeningswyse (Van't Spijker, 1990b:162) mag die staat nie beheer uitoefen nie – nie deur die bepalings van sy arbeidswetgewing nie en ook nie deur die regspraak nie (vgl. Van't Spijker, 1990a:130).

Die beroepsbrief is ook die uitvoering van Artikel 11 van die Kerkorde – dit wil sê die praktiese implimentering van die Skrifbeginsel oor die versorging van bedienaars van die Woord in terme van die kerk se eiesoortige reg. Die beroepsbrief reël dus nie 'n vrywillige ooreenkoms tussen die kerkraad en 'n predikant nie, maar omlyn wel die verpligte versorging van die predikant soos dit deur die Woord van God bepaal word. Die huidige vorm van die konsepberoepsbrief skep die indruk dat die beroepsbrief eerder 'n kontraktuele aanbod aan die predikant is as die mededeling van die roeping wat op hom uitgebring is. Hoewel howe hierdie dokument nie behoort te interpreteer nie, kan dit tot verwarring aanleiding gee.

Volgens die beginsel van kerklike traktering word die predikant in staat gestel om sy diens te verrig. Die konsepberoepsbrief impliseer dat die kerkraad onderneem om aan die predikant 'n traktement en ander vergoedings en voorsienings, asook huisvesting te gee. Hierdie formulering van die konsepberoepsbrief is in der waarheid 'n anomalie, aangesien dit nie moontlik is om in iemand se behoeftes te voorsien as die behoeftes nie vooraf vasgestel is nie. Die huidige bewoording van die konsepberoepsbrief behoort vervang te word met 'n uitnodiging van die kerkraad aan die predikant om, indien hy oorweeg om die beroep op te volg, met die kerkraad in gesprek te tree oor sy versorging. Op hierdie wyse kan die versorging van die predikant gemeenskaplik gereël word. So 'n verandering sal die kerklike praktyk met betrekking tot die versorging van predikante in ooreenstemming bring met die Skrifbeginsel van kerklike traktering.

## Geraadpleegde bronne

BOUWMAN, H. 1970. Gereformeerd kerkrecht. Eerste Deel. Kampen: Kok.

BRASSEY, M. 1998. Employment and labour law. Vol. I. Kenwyn: Juta.

BRITZ, R.M. 1999. Predikante kontrakte is 'n fout. *Die Kerkbode,* 162(10):4.

CALVIN, J. 1848. Commentary on the epistles of Paul the apostle to the Corinthians. Vol. 1. Translated from the original Latin, and collated with the author's French version, by the Reverend John Pringle. Edinburgh: Calvin Translation Society.

CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike godsdiens. Boek IV. Vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

COERTZEN, P. 1999. Predikante-kontrakte – g'n fout nie. *Die Kerkbode,* 162(12):6.

COERTZEN, P. 2001. Die regsposisie van kerke in Suid-Afrika. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif,* 42(1 & 2):115-122.

DE BRES, G. Nederlandse Geloofsbelydenis.

DU PLOOY, A. LE R. 1979. Ekklesia en meerdere vergaderinge. Potchefstroom: PU vir CHO. (M.A.-verhandeling.)

DU PLOOY, A. LE R. 1982. Kerkverband: 'n gereformeerde kerkregtelike studie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

DU PLOOY, A. LE R. 2002. Kerke se interne verbandsreg en die arbeidswetgewing: advies aan die konvent van gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Ongepubliseerd.

FORMULIER
*kyk* FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD. 2001. (*In* Die psalmboek. Wellington: NG Kerk Uitgewers. p. 137-142.)

FOURIE, D.C.G. 1973. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk as regspersoon in die Suid-Afrikaanse privaatreg. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

FOURIE, P.J.A. 2002. Die implikasies van grondwetlik-gewaarborgde godsdiensvryheid vir die arbeidsregtelike posisie van predikante en ander geestelikes. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (M.B.A.-skripsie.)

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. KERKORDE. 1998. Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: Administratiewe Buro van die GKSA.

GILDENHUYS, J. 2001. An assessment of constitutional guarenees of religious rights and freedoms in South Africa. Stellenbosch: University of Stellenbosch. (LL.D. dissertation.)

GRANT, B. 2003. Is a priest an employee for the purposes of our labour legislation? *Obiter,* 24(1):157-162.

HAT
*kyk* ODENDAAL

JOUBERT, J. 2002. Die kerk as werkgewer binne die konteks van 'n veranderde arbeidsbedeling in Suid-Afrika (1994-2001). *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif,* 43(1 & 2):230-236.

KITTEL, G., *ed.* 1976. Theological dictionary of the New Testament. Vol. IV. Grand Rapids: Eerdmans.

KLOPPER, E. 2001. Die godsdienstige regte van predikante in kerke van gereformeerde belydenis. Referaat gelewer te Stellenbosch. Ongepubliseerd.

KO

*kyk* GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. KERKORDE

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. 1998. Sinode.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. KERKORDE. 1999. Kerkorde, bepalinge en reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Kaapstad: Lux Verbi.

NGB

*kyk* DE BRES, G.

NGK

*kyk* NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

NGKO

*kyk* NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. KERKORDE

O'BRIEN GELDENHUYS, F.E. 1945. Die regsposisie van kerkraad, ring en sinode onder die gereformeerde stelsel van kerkregering soos toegepas in die gefedereerde Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Th.D.-proefskrif.)

ODENDAAL, F.F. 1994. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Midrand. Perskor.

OLIVIER, M. 2002. The South African Constitution and freedom of religion: some labour law imperatives and implications. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif,* 43(3 & 4):531-542.

PEL, P.T., DEKENS, JOH., JONKER, P.J., SATTER, J.J., SPAKMAN, J., VAN DER STOEP, J. & WESTERT, J. 1991. Rechtspositie en tractement van de predikant. Zwolle: Gereformeerd Maatschappelijk Verbond.

PIENAAR, G. 1986. Die regsposisie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: EFJS.

POLMAN, A.D.R. s.d. Onze Nederlandse Geloofsbelijdenis: verklaard uit het verleden gekonfronteerd met de heden. Deel 4. Franeker: Wever.

PONT, A.D. 1981. Die historiese agtergronde van ons kerklike reg. Deel 1. Pretoria: HAUM.

RAATH, A.W.G. & DE FREITAS, S.A. 2001. Church tribunal, doctrinal sanction and the South African Constitution. Kerk en Staat Kongres, Stellenbosch. (Ongepubliseerde lesing.)

SCHOLTZ, A. 2001. Die kerk en die regbank: 'n nabetragting na aanleiding van die Schreuder-saak. Referaat gelewer voor die Kongres oor Kerk en Staat. Ongepubliseer. Stellenbosch. Gepubliseer as: Die kerk en die regbank: 'n nabetragting na aanleiding van die Schreuder-saak. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif,* 42(1 & 2):184-191.

SILLEVIS SMITT, P.A.E. 1910. De organiastie van de Christelijke kerk in den apostolischen tijd. Rotterdam: De Vries.

SMELIK, E.L. 1973. De brieven van Paulus aan Timotheus, Titus en Filemon: de wegen der kerk. (*In* Klijn, A.F.J., *red.* De prediking van het Nieuwe Testament. Nijkerk: Callenbach.)

SMIT, C.J. 1984a. Kerkorde en belydenis. *In die Skriflig*, 18(70):41-46.

SMIT, C.J. 1984b. Tot lof van die kerkorde … in sy dienskneggewaad. *In die Skriflig*, 18(71):37-44.

SMIT, C.J. 1984c. Tot lof van die kerkorde … in sy dienskneggewaad. *In die Skriflig*, 18(72):21-28.

SMIT, C.J. 1984d. God se orde vir sy kerk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

SMIT, C.J. 1985. Kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg vir sy kerk. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

SMIT, J. 2001. 'n Gereformeerd-kerkregtelike beoordeling van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk. Potchefstroom: PU vir CHO (Th.M.-verhandeling.)

SMIT, J. 2006. Die kerk se regsposisie in Suid-Afrika in die lig van godsdiens-vryheid: gereformeerd-kerkregtelik gesien. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif*, 47(3 & 4):633-651.

SPOELSTRA, B. 1977. Die gesag van die sinode. *In die Skriflig*, 11(43):45-63.

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde kerkreg en kerkregering: 'n handboek by die kerkorde. Hammanskraal: Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1965. Grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom: Pro Rege.

VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom: Pro Rege.

VAN GINKEL, A. 1975. De ouderling. Amsterdam: Tonbolland.

VAN ITTERZON, G.P. 1974. Het kerklijke amp in geding. (*In* Van Dyk, M.P., *red.* Theologie en gemeente, nr. 10. Kampen: Kok.)

VAN'T SPIJKER, W. 1990a. De kerk bij Bucer: het rijk van Christus. (*In* Van't Spijker, W., *et al.* De kerk: wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorishe opvatting. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 126-142.)

VAN'T SPIJKER, W. 1990b. De kerk bij Calvijn: theocratie. (*In* Van't Spijker, W., *et al.* De kerk: wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 143-162.)

VAN'T SPIJKER, W. 2005. Heeft een predikant een arbeidsovereenkomst? *De Wekker*, 114(17):256-257.

VENTER, C.J.H. 1988. Amp en ampsdraer: gesigspunte uit die Nuwe Testament. (*In* Rossouw, P.J., *red.* Gereformeerde ampsbediening. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 95-106.)

VISSER, J. 1999. Die Kerkorde in praktyk. Roodepoort: EFJS.

## Hofsake

Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others [2001] 11 BLLR 1213 (LC).

De Vos v die Ringskommissie van die Ring van die NGK, Bloemfontein 1952 2 SA 83 (0) op 93.

Du Plessis v the Synod of the DR Church 1930 CPD 403 op 414, 417.

GG Paxton v The Church of the Province of Southern Africa, Diocese of Port Elizabeth (unreported case NH11/2/1985 (PE)).

Long v Bishop of Cape Town 1963 4 Searle 162 op 176.

Louvis e.a. v Oikonomos e.a. 1917. TPA 465 op 476.

Odendaal v Van Loggerenberg en andere 1961 1 SA 712 (0) op 717.

Peach and Co v the Jewish Congregation of Johannesburg 1894 1 OFF Rep 345.

Prinsloo and others v Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Church 1889-1890 3 Barber 220 op 223.

Schreuder v Die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a. 1999 20 ILJ 1936 (LC).
Theron v Ring van Wellington, N.G. Sendingkerk in S.A. 1976 2 SA 1 (A).
Uniting Reformed Church in SA [2005] 1 BALR 127 op 134 (CCMA).
Van Vuuren v Kerkraad Môrelig Gemeente, NG Kerk 1979 4 SA 548 (0) op 557.
Venter e.a. v Den Kerkeraad der Gereformeerde Kerk te Bethulie. 1879 OV 4.

## Wette

*Basic Conditions of Employment Act 75 of 1997*
*Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996*
*Employment Equity Act 55 of 1998*
GW
*see* Constitution of the Republic of South Africa
*Labour Relations Act 66 of 1995*

**Kernbegrippe:**

Gereformeerde predikante: regsposisie
godsdiensbepaalde verbintenis
godsdiensvryheid
kontrak

**Key concepts:**

contract
Reformed minister of religion: legal position
religious freedom
religiously determined relationship